Deur **Theunis Engelbrecht**

Laurika Rauch se jongste vertoning, *Moontlikhede*, is van vanaand in Pretoria te sien.

Laurika terug met verrassings

LAURIKA RAUCH se eerste vertoning vanjaar, *Moontlikhede*, begin vanaand in After Dark in Pretoria en beloof om propvol verrassings te wees.

"Ná 'n lang blaaskans wil ek net sing," sê Laurika. "Ek wil nie baie praat nie, ek wil nie wys dat ek kan snaaks wees, diep wees of allerhande onontginde emosies en talente het nie. Ek wil net sing."

En die titel van die vertoning?

"Toe ons besluit het om die vertoning te doen, het ek 'n lys met moontlikhede vir Didi Kriel gegee van musiek wat ons in die program kan gebruik, toe besluit ons om dit *Moontlikhede* te noem. Daarmee bedoel ons dat ons die inherente moontlikhede van die musiek wil ontgin – só doen ek ook byvoorbeeld ouer nommers, soos *Met transistor innie hand* van my debuutlangspeler. In dié liedjie – en ook die ander – het ons die variasie- en groeimoontlikhede daarvan ontgin.

"In die program sing ek liedjies wat ek jare lank al graag wou sing. En soos met elke vertoning is dit vir my in *Moontlikhede* ook belangrik om liedjies te sing wat uiteenlopende emosies bestryk – van vreugde, angs, verwondering en *placidness* tot eenvoud. Soos die program dan ontwikkel, sal die gehoorlid kan voel hy gaan op 'n reis, of hy groei, deur 'n aantal emosies."

Sy wil nie ál die verrassings van die vertoning weggee nie, maar een daarvan is dat sy Koos Kombuis se liedjie *Lieze se klavier* gaan sing. Sy gaan ook van haar bekende treffers soos *Stuur groete aan Mannetjies Roux*, *Ek het 'n huisie by die see* en *Blouberg se strand* sing, maar ook splinternuwe Afrikaanse liedjies wat nog nooit voorheen gehoor is nie asook verskeie Engelse liedjies (van onder andere Jim Groce, Linda Ronstadt en Dan Fogelberg) en Nederlandse liedjies.

"Nadat ek 'n konsertvideo van Herman van Veen gesien het, het ek bewus geword van die krag van Europese liriek. Ek dink daar is 'n aantal tydlose 'reëls' wat vir lirieke geld, en hieraan voldoen Kombuis se *Lieze se klavier* byvoorbeeld.

"Eerstens moet daar 'n sekere mate van struktuur wees – 'n uiteensetting, middel en slot. Die luisteraar moet deur 'n samehangende gedagtepatroon geneem word. Dit moet deurdag wees – as dit op die oppervlak werk is dit wonderlik, maar as 'n mens nog 'n tweede of derde laag kan ontdek, is dit soveel te beter. Dan sê en beteken dit meer en neem dit weg van die banale af.

"Liedjies is die moeite werd as enige onderwerp op 'n volwasse manier daarin beskryf word en dit 'n gedagte- en sensuele ontwikkeling op inhoudsvlak toon."

Waarom die lang stilte vanjaar?

"Dit was vir my 'n noodsaaklike *sabbatical* ná verlede jaar se harde werk met eers *Hoagy* en daarna *Nagskof*. Ek was nooit by die huis nie, en ek het toe afgevat om te konsolideer, om aandag aan my gesin en myself te gee, te dink en te lees."

Laurika se laaste twee langspelers, *Encore Laurika!* en *Stuur groete aan Mannetjies Roux*, het albei goue status behaal. Sy is daarvoor bekend dat sy nog altyd net smaakvolle, volwasse Afrikaanse musiek opgeneem het – vir sommige mense is die langspeler *Jy is te dierbaar* egter 'n uitsondering op dié reël – maar sy het veral op dié laaste twee langspelers daarin geslaag om haar eie kleim af te baken en haar merk te maak as 'n individualistiese kunstenaar wat tot geen groep of beweging behoort nie, maar net haar eie ding doen. Daar kan nie 'n etiket op haar geplak word nie, en sy glo gewoon dat goeie musiek die praatwerk moet doen.

Sy neem vanaand om halfagt op die program *Klankbord* oor Radio Suid-Afrika deel aan 'n gesprek oor Afrikaanse musiek. Wat is haar menings oor dié onderwerp?

"Ek het maar min te sê hieroor – ek is nie eintlik baie fyn ingestel op wat almal op die Afrikaanse musiektoneel doen nie.

"Ek dink egter Afrikaanse musiek is nog net so interessant soos aan die begin – en dit word net interessanter. Daar is kunstenaars wat groei en vernuwe, en dit is genoeg rede vir Afrikaanse musiek om bestaansreg te hê."

Hoe voel sy oor die baie Europese melodieë wat so klakkeloos oorgeneem word en waarvoor daar dan nuwe Afrikaanse lirieke geskryf word?

"Ek het ook 'n probleem daarmee en hoewel ek dit soms self doen, dink ek baie, baie versigtig na voor ek 'n Afrikaanse weergawe van 'n Europese wysie sing." (Haar treffers *Blouberg se strand* en *Kyk hoe glinster die maan* is voorbeelde.)

"Dit hang net af hoe so iets binne 'n gegewe situasie hanteer word. Ek voel ek moet aan myself verantwoording doen oor my skeppingservaring, en daarom verkies ek om oorwegend oorspronklike Afrikaanse materiaal op te neem. Ek dink die groot skaal waarop daar in Afrikaans van Europese melodieë gebruik gemaak word, is nie die regte manier om dit te doen nie – maar nou ja, *to each its own*.

"Daar is natuurlik iets te sê vir kruisbestuiwing, daar is iets te sê vir blootstelling aan ander kulture. In letterkunde maak vertalings die werk toeganklik vir meer mense – en op dié manier maak dit sin, as dit vir die publiek dinge toeganklik maak. 'n Voorbeeld is die Afrikaanse vertalings van Nederlandse kabaret wat ons in *Op die Hartstog Boulevard* en *Van Berlyn tot Bapsfontein* gedoen het."

Volgens haar is die grootste probleem wat Afrikaanse musiek betref die verspreiding daarvan en om die plate by die verspreidingspunte te kry. Beskikbaarheid van Afrikaanse plate in winkels is 'n groot probleem.

● *Moontlikhede* word van vanaand tot 14 September in After Dark in Queenstraat 80, Pretoria, opgevoer. Besprekings kan by Computicket gedoen word. Navrae: ☎ (012) 325-6613.